# HOOFSTUK IV.

## BEHEER EN ORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS.

### 1. INLEIDING.

Cilliè beskou die vraagstuk van die beheer en organisasie van die opvoeding as een van die belangrikste vraagstukke in die opvoedkundige teorie, want alle hoë ideale in verband met die doelstelling, alle noukeurige en grondige bepalinge van die inhoud en alle wetenskaplike beskouinge oor die opvoeding, sou nie veel baat nie, as die dinge nie in die praktyk toegepas kan word nie.

In verband met Cilliè se idees oor die beheer en organisasie van onderwys sal die volgende behandel word, nl. die kwessie van beheer oor laer onderwys, oor die opleiding van onderwysers, beheer oor Naturelle - en Kleurlingonderwys, organisasie van onderwys, hulpmiddels in verband met onderwys, leerkursus en leerplan, organisasie in verband met onderwysers en ten slotte sal 'n samevatting gegee en gevolgtrekkings gemaak word.

### 2. SENTRALE BEHEER OOR LAER ONDERWYS: UNIAAL OF PROVINSIAAL?

(i) Die onderwys van die volk in die laer en middelbare skole moet onder die beheer van die sentrale regering wees. Dit is nie 'n kwessie van finansiële verhouding nie maar van algehele, sentrale finansiering. In al vier provinsies behoort daar eweredigheid wat salarisse betref, te wees (1).

(1) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/5/37 bls. 425. Ons Land 19/1/24. Artikel van Cilliè.

Die gevolg van die oneweredigheid van salarisse is onrus, ontevredenheid en heen en weer trekkery van die onderwysers. Die opvoeding van die kind moet behandel word as 'n nasionale aangeleentheid waarvoor die Unie-regering die nodige en voldoende fondse wat deur 'n Nasionale Raad van Onderwys beheer word, beskikbaar behoort te stel (1).

Die onderwys van die kinders moet heeltemal van skommeling van die inkomste van die landskas gevrywaar wees (2).

'n Mens moet 'n stelsel van onderwys beskou as 'n geheel van onder af tot bo, met al die verskillende vertakkinge, soos landbou-, industriële-, beroepsonderwys. Ongelukkig word in baie lande die onderwys nog verdeel en behandel asof 'n mens dit in stukkies kan sny. Hier in Suid-Afrika waar daar 'n administrasie vir hoër onderwys is en 'n ander vir die laer-middelbare-, tegniese en landbouonderwys, is die verbrokkeling des te groter (3).

(ii) 'n Soort van Unie-beheer, nl. 'n Nasionale Raad van ag persone wat in breë trekke die onderwys moes bepaal, is deur sommige opvoedkundiges voorgestel. Daar is 'n hele aantal afsonderlike liggame wat die een of die ander deel van die onderwys beheer dat 'n mens byna moedeloos word as hy met die dinge daadwerklik te doen kry.

(1) Die Unie 1/5/37 bls. 925.

(2) Die Unie 1/5/23 bls. 304.
Die Burger 17/4/19. Artikel van Cilliè.

(3) Die Unie 1/2/17 bls. 666. Artikel van Cilliè.

Die Nasionale Raad moes al die verskillende onderwysbedrywighede koördineer. Dit moes weet wat op elke terrein gaande was. Dit sou in die toekoms moet kyk om alles volgens plan te laat plaasvind. Of so 'n Nasionale Raad daarin sou slaag om soveel invloed uit te oefen dat die gewenste koördinasie tot stand sou kom, was moeilik om te voorspel. Die nuwe Minister van Onderwys kon gerus die eksperiment probeer het (1).

Cilliė het die stelling neergelê dat so 'n Nasionale Raad van Onderwys uit 'n gelyke aantal Onderwysers en ander lede moes bestaan. Die moeilikhede van die Raad het nie minder geword nie as toe al gestipuleer is dat 50% van die Raad diensdoende onderwysers moes wees (2).

(iii) 'n Sekere deel van Suid-Afrikaanse opvoedkundiges wou hê dat die hele administrasie by die Minister van Onderwys vir die Unie moes berus en dat daar op die manier moes probeer word om 'n nasionale stelsel van onderwys in die lewe te roep. Op daardie oomblik was so 'n stap byna totaal onmoontlik omdat daar politiek met die saak gemoeid was (3).

Die argumente was almal sterk ten gunste van Unie-beheer van die onderwys. Reeds was die beginsel van 'n uniforme salarisskaal vir alle onderwysers aangeneem. In die leervakke en die administrasie het daar bloedweinig verskil tussen die verskillende provinsies met die

(1) Die Unie 1/8/24 bls. 30. Artikel van Cilliė.
Die Burger 19/12/36. " " "

(2) Die Unie 1/10/24 bls. 86. " " "
Coetzee, J. Chris : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek bls. 136.

(3) Die Unie 1/8/24 bls. 30. Artikel van Cilliė.
Die Burger 29/3/17. " " ".

uitsondering van Natal bestaan. In Natal en die Vrystaat was daar by die politieke leiers soveel weerstand dat Uniale Beheer lank vertraag sou word. Mense wat uit beginsel teen Unie-beheer was, het dit met sentralisasie verwar. Daar kon Unie-beheer met veel meer desentralisasie gewees het as wat daar destyds was (1). As uniale beheer ingestel sou word, sou in elke provinsie nog distriksekretarisse en plaaslike outoriteite bestaan om sekere sake af te handel (2).

(iv) Cilliè is beslis teen enige onderwysbeheer wat meer gesentraliseerd sou wees as wat dit destyds in die Kaapprovinsie was en wat die gevestigde regte van die onderwys-professie sou aantas (3).

Cilliè is van mening dat die destydse bestaande verdeling van verantwoordelikheid vir die administrasie van die onderwysstelsel van Kaapland tussen die Superintendent-Generaal van onderwys en die Provinsiale Sekretaris, in sy hoedanigheid as Kontroleur van Onderwysfinansies, nie in die belang van die onderwys was nie en nog minder tot besparing gelei het. Die magte en pligte van die kontroleur en van die finansies-afdeling van die onderwys moes oorgedra word aan die Superintendent-Generaal van Onderwys en die Onderwysdepartement onderskeidelik, onder die leiding en beheer van die Administrateur en die Uitvoerende Komitee (4).

(1) Die Burger 29/3/17. Artikel van Cilliè.
Die Unie 1/8/24 bls. 30. Artikel van Cilliè.

(2) Die Unie 1/5/37 bls. 425. " " "

(3) Die Unie 1/2/32 bls. 274.
Die Burger 15/2/17. Artikels van Cilliè.

(4) Die Burger 27/6/41. Artikels van Cilliè.

Die amp van die Superintendent-Generaal van Onderwys moes, soos in 1883 voorgestel is, verdeel word. Daar moes iemand gewees het, wat hom met die leerplan en opvoedkundige sake besig gehou het en 'n ander wat die finansiële sake van die onderwys behartig het (1).

(v) So lank as wat die Provinsiale Raad voortbestaan, moet die professie van onderwys sy eie verteenwoordigers hê in die Provinsiale Raadsvergaderings waar onderwys behandel word, anders sal daar nooit 'n bevredigende oplossing vir al die moeilike vraagstukke kom nie. Intussen moet die onderwysers die beste van die Provinsiale Rade maak en sorg dat daar vakmanne as Provinsiale Raadslede kom. Aan die hoof van die afdelings moet daar deskundiges wees (2).

Provinsiale Raadslede en Parlementslede moet voorligting in opvoedkundige sake kry (3).

3. PLAASLIKE BEHEER.

(a) Ouers.

Die enigste regte opvatting is dat die ouers in die eerste plek verantwoordelik vir die opvoeding van hul kinders is (4).

Cilliè sê met voorbedagte rade dat die beskouing verouderd is, want van alle kante hoor hy dit. In die praktyk is die staat verantwoordelik vir

(1) Die Unie 1/7/14 bls. 16. Artikel van Cilliè.
(2) Die Burger 29/4/20. " " "
(3) Die Unie 1/1/07 bls. 234. " " "
(4) Die Burger 10/6/20. Artikels van Cilliè.
Coetzee, J. Chris : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek bls. 42.

vir die opvoeding van die kinders. Natuurlik het die staat 'n sekere mate van verantwoordelikheid omdat die staat tog seker nie onverskillig mag wees oor die soort onderwys wat aan die toekomstige burgers gegee word nie. Vandag het die ouers heel weinig oor die soort onderwys wat hul kinders ontvang, te sê. Dit is erg genoeg as dit so met die gewone skoolvakke is maar as dit om vakke soos Godsdiensonderwys en vaderlandse geskiedenis gaan waaroor die menings by die ouers en opvoeders so ver uiteenloop, dan word die saak heel ernstig (1).

Die staat moet die onderwys vir sy rekening neem, in breë trekke neerlê wat die kinders moet leer, watter standaard van bekwaamheid vereis word en toesien dat dit bereik word. Die ouers daarenteen moet die gees en rigting van die opvoeding en onderwys bepaal en beheer (2).

(b) Skoolrade en Skoolkommissies.

(1) Dat daar skoolkommissies is wat vir die verantwoordelike werk wat hulle moet verrig, nie geskik is nie, sal niemand ontken nie. Dat skoolkommissies, ook die beste onder hulle, somtyds verkeerde aanstellings maak en verkeerde besluite neem en verkeerde maatreëls tref, waardeur daar wrywing ontstaan, is seker. Alle menslike instellings ly aan gebreke (3).

(1) Die Burger 10/6/20 en 27/6/18. Artikel van Cilliė.
(2) Die Unie 1/5/46 bls. 231. " " "
" " 1/2/16 bls. 666. " " "
(3) Die Unie 1/5/37 bls. 417. " " "

Die verhouding tussen skoolkommissies en onderwysers of meer bepaald hoofonderwysers is soms nie wat dit behoort te wees nie. Of skoolkommissies altyd en alleen die skuld van hierdie slegte verhouding moet kry, wil Cilliè in alle beskeidenheid betwyfel. Dat skoolkommissies in die verlede en vandag nog baie goeie werk gedoen het en nog doen, kan nie ontken word nie. Hulle doen die werk sonder beloning en soms met baie groot opoffering (1).

Die man wat probeer om skoolkommissies holus bolus af te skaf of wat gaan probeer om die aanstelling van onderwysers totaal uit hul hande te neem, sal stellig moeilikheid kry. Wat nodig is, is 'n metode waardeur die kommissies kan gehelp word as opvoeders verstandig te werk wil gaan (2).

Die sukses van 'n skool hang af van die harmoniese samewerking van die skoolraad, skoolkommissie, ouers, hoofonderwyser en personeel. Dit is wenslik dat die skoolkommissie by die uitvoering van sy pligte in harmonie met die hoofonderwyser sal saamwerk (3). Hoofonderwysers moet „ex officio" lede van die skoolkommissie wees met die beginsel dat hulle „ex officio" met adviserende stem in die vergaderings van hul skoolkommissies sitting sal hê.

(1) Die Unie 1/5/37 bls. 417. Artikel van Cilliè.

(2) Ibid.

(3) Die Unie 1/1/38 bls. 272. Artikel van Cilliè.

Wanneer daar sake wat sy eie posisie regstreeks raak, ter sprake kom, kan hy gevra word om die vergadering te verlaat, indien vrye bespreking op die wyse bevorder kan word (1).

(ii) Dit is verder wenslik dat ouers hul klagtes insake enige intieme saak in die eerste instansie by die hoofonderwyser sal indien, wat in die geval van suiwer administratiewe sake, hoofsaaklik aan die kommissie verantwoordelik is en in die geval van professionele sake, hoofsaaklik aan die Departement.

(iii) As daar aanstellings op die personeel gevra word, behoort die hoofonderwyser se mening daaroor gevra en van gewig beskou te word (2).

Dit is onnodig om te sê dat, indien daar 'n aanstelling wat nie met die hoofonderwyser se sienswyse strook nie, gemaak word, hy die kommissie se besluit goed behoort op te neem en hulle keuse getrou te steun (3).

Cillie is daarteen dat skoolkommissies onderwysers wat vir sekondêre skole opgelei is, met die hoogste akademiese kwalifikasies, as primêre onderwysers aanstel, want die saak van die primêre onderwysers word daardeur ernstig benadeel (4).

Direkte verbinding van 'n kommissie met assistent-onderwysers of omgekeerd, is onwenslik. Alle kommunikasies behoort deur die

(1) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.
(2) Die Unie 1/1/38 bls. 272. Artikel van Cillië.
(3) Ibid
(4) Die Unie 1/5/34 bls. 369. " " "

hoofonderwyser te gaan. Dit is die plig van 'n kommissie om die gesag van die hoofonderwyser te ondersteun, net so goed as dit die plig van die hoofonderwyser is om die gesag van die assistente te ondersteun (1).

(iv) Dit gebeur af en toe dat die voorsitter of 'n ander lid van die kommissie die skool besoek, die hoofonderwyser ignoreer en skoolsake met 'n assistent-onderwyser op die personeel bespreek. Sodanige handelwyse kan nie sterk genoeg afgekeur word nie. As enige lid van 'n kommissie of van 'n skoolraad besoek aflê, behoort hy, al is dit slegs hoflikheidshalwe, die hoofonderwyser eerste te nader en die doel van sy besoek te meld. Dit is nie alleen sy reg nie maar ook die plig van die hoofonderwyser om te weet of daar iemand anders op die skoolterrein is behalwe die leerlinge en die onderwysers (2).

(v) Assistent-onderwysers behoort nie die werklike of denkbeeldige tekortkomings van hul hoofonderwyser met enige lid van die kommissie of met die publiek daarbuite te bespreek nie (3).

(vi) Uit hoofde van wat die Afrikaanse predikante vir opvoedkunde en onderwys gedoen het, is dit wenslik dat hulle op skoolrade benoem word en nie soos gedurende die oorlogsjare gebeur het

(1) Die Unie 1/1/38 bls. 272.

(2) Ibid.

(3) Die Unie 1/1/38 bls. 272. Artikel van Cilliė.

dat hulle deur die Provinsiale Administrasie daarvan uitgesluit is nie (1).

## 4. BEHEER OOR OPLEIDING VAN ONDERWYSERS: OPLEIDINGS-KOLLEGE OF UNIVERSITEIT?

(1) Dit is Cillie se mening dat primêre leerkragte hul opleiding nie aan 'n universiteit nie maar in 'n spesiale opleidingsinrigting moet geniet, en wel om die volgende redes: Die gesag wat die onderwys beheer en derhalwe die leerkragte aanstel en besoldig, moet seggenskap, indien moontlik volle seggenskap, in verband met die opleiding hê, want, indien die resultaat van die opleiding nie bevredigend is nie, moet die weg oopstaan om dadelik ingrypende veranderings te kan maak. (2).

Dit blyk nou al dat een van die provinsies nie tevrede is met die praktiese opleiding, wat middelbare leerkragte in die kursusse aan die universiteite vir die Hoër Onderwysdiploma ontvang nie (3).

Dit is ook nie so maklik om in so 'n geval 'n verandering gemaak te kry nie.

Die opleiding van primêre leerkragte wat gereed moet wees om na hul opleiding in enige soort primêre skool onderwys te gee, moet in die hande van persone wees, wat self 'n kursus van primêre onderwys deurgemaak het en dus rype ervaring het. Die professore en lektore

(1) Die Unie 1/1/46 bls. 150. Artikel van Cilliė.
(2) " " 1/8/32 bls. 76. " " "
(3) Ibid.

in die onderwysfakulteit van die universiteite het in baie min gevalle intieme kennis van die werk van primêre skole. Hulle word gewoonlik aangestel op grond van hul akademiese kwalifikasies en hul grade in die teorie van die pedagogiek. By die Normaalkollege is die eerste vereiste vir 'n pos as lektor 'n sesjarige suksesvolle ondervinding as onderwyser. Daarna word onderwysgrade en akademiese kwalifikasies in aanmerking geneem (1).

Ten einde primêre leerkragte wat nie soos middelbare leerkragte met spesiale vakke het om te doseer nie, gedurende hul opleiding behoorlik voor te berei, is 'n opleidingskollege wat 'n eie onderwysersatmosfeer het, baie meer doelmatig vir hierdie doel as die woelige lewe van 'n universiteit. Dit moet altyd onthou word dat 'n primêre leerkrag in Suid-Afrika dikwels onmiddellik na sy opleiding geroep word om in 'n afgesonderde gemeenskap op die platteland aan die hoof van 'n eenleerkragskool te staan. In alle gevalle sal hy ten minste een klas hê wat hy in alle opsigte moet vorm en opvoed. Vir hierdie taak is dit noodsaaklik dat sy opleiding hiermee moet rekening hou en dat hy in die jare van voorbereiding 'n intieme aanraking met sy Gamaliëls aan wie se voete hy moet sit, moet kom. Dit is wenslik dat 'n primêre skool wat in die onmiddellike nabyheid van 'n kollege is, wat sy professionele werk betref, onder leiding van die

(1) Die Unie 1/8/32 bls. 76. Artikel van Cilliê.

personeel van 'n Normaalkollege geplaas moet word, ten einde geleentheid vir proefneming i.v.m. nuwe metodes in die onderwys te gee. As daar 'n model eenleerkrag-plaasskooltjie naby die kollege is, kry die studente 'n geleentheid om die probleme van 'n plaasskool te bestudeer.

Cilliè is in beginsel daarteen dat leerkragte vir die platteland apart opgelei word. So 'n opleiding sal syns insiens daartoe lei dat die platteland 'n minderwaardige klas van onderwys ontvang. Verder sou dit ook onwenslik en selfs onmoontlik wees om sekere leerkragte tot poste in plaasskole te beperk (1).

(ii) Die Departement van Onderwys van die Kaap Kolonie moes 'n spesiale vakansie-kursus georganiseer het, veral vir sodanige onderwysers wat aan klein kinders die eerste beginsels van die moedertaal moes onderwys, om hulle op hoogte met die klankmetode en die gee van aanskouingslesse te bring (2).

5. BEHEER OOR NATURELLE- EN KLEURLINGONDERWYS.

Die Uniale Regering moet die Naturelle- en Kleurlingonderwys oorneem om te voorkom dat daar 'n ongewenste mededinging tussen Naturelle-sendingskole ontstaan. Om te verhoed dat paddastoelskooltjies oral gestig word, moet skole gelisensieer word.

(1) Die Unie 1/8/32 bls. 76. Artikel van Cilliè.
(2) Die Unie 1/1/12 bls. 215. " " "

'n Kerk of sekte behoort nie 'n verlofbrief te kry om 'n skool te stig nie as daardie skool en sy personeel nie aan sekere vereistes voldoen nie (1).

6. ORGANISASIE.

(a) Verpligte Skoolbesoek.

Die tydstip waarop 'n kind behoort skool toe te gaan, is geensins een van fisiese ouderdom nie. Dit is 'n sosiale kwessie en 'n kwessie van rypheid. Cilliè ken baie kinders van vier en vyf jaar, wat, heeltemal, uit 'n opvoedkundige oogpunt beskou, bekwaam is om die gewone skool te besoek. Dit is tog seker gewens dat kinders in die agterbuurtes van die stede so vroeg as moontlik skool toe moet gaan om vir enige ure altans gedurende die dag uit die straat of die omgewing te kom. Die plaaslike onderwysoutoriteite behoort die saak in oorleg met die onderwysers in hande te hê en hulle moet daaroor beslis. Cilliè keur dit af dat die sentrale onderwysgesag die wet vir elke kind en vir elke skoolafdeling sal neerlê (2).

Ses jaar moet die verpligte ouderdom vir skoolbesoek wees, want dan is die normale kind geestelik ryp vir sy skoolwerk. Dit is veral wenslik omdat die werk van die kleinkinder-afdeling baie moeilik word deur die feit dat kinders van ses jaar nou toegelaat word, maar nie bygereken word vir die vasstelling van die aantal personeellede van die skool nie (3).

(1) Die Burger 1/11/35 en 29/4/20. Artikel van Cilliè.

(2) Die Burger 8/1/24 en 16/1/24. Artikels van Cilliè.

(3) Die Unie 1/11/34 bls. 193. Artikel van Cilliè.

Die minimum-vereiste behoort vry verpligte onderwys te wees op voorwaarde dat 'n leerling wat nie std. VII geslaag het nie, die skool nie mag verlaat voordat hy 15 jaar voltooi het nie (1).

In Suid-Afrika is die verpligte ouderdom vyftien of sestien jaar of std. VI geslaag. Vandag is dit tot std. VIII verhoog of die kind moet 16 jaar oud wees, en selfs dan is hy nog nie behoorlik vir die lewe toegerus nie (2).

(b) Vry Onderwys.

(i) Primêre onderwys is feitlik oor die hele beskaafde wêreld skoolgeldvry. Met die invoer van verpligte skoolbesoek in die verskillende lande in die afgelope honderd-en-vyftig jaar, het dit noodsaaklik geword dat die staat of 'n ander organisasie wat belastings kan hef, die onderwys moet bekostig. As die staat die ouers dwing om hul kinders 'n aantal jare op skool te hou, moet iemand betaal as die kinders van die ouers te arm is om te betaal. Die vasstelling van wie kan en wie nie kan betaal nie, was en is so moeilik dat die staat verplig was om onderwys vir almal kosteloos te maak (3).

(ii) In die V.S.A. is alle onderwys van onder af tot bo uit skoolgeldvry. Natuurlik is daar baie private skole en universiteite waarheen mense hul kinders kan stuur as hulle vir hul onderwys self wil betaal. 'n Kind kan in Amerika

(1) Die Unie Julie 1930 bls. 105. Artikel van Cilliė.
Die Unie 1/3/37 bls. 342.

(2) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliė 1946.

(3) Die Unie 1/12/31 bls. 218. Artikel van Cilliė.

vry skoolgaan van die Kindertuin totdat hy 'n doktersgraad behaal het. So is dit ook in Rusland en gedeeltelik ook in Australië. Frankryk het so pas met die vrymaak van sekondêre onderwys begin. In ander lande is daar 'n stelsel van beurse vir behoeftige en verdienstelike leerlinge, wat hoe langer hoe groter omvang aanneem (1). Cilliè noem hierdie dinge om aan te toon dat die neiging nie is na meer betaalskole nie maar in die rigting van algehele vry onderwys.

(iii) Vry primêre onderwys is in die moderne demokratiese staat absoluut noodsaaklik. Die enigste argumente daarteen is dat 'n mens nie waardeer wat hy gratis kry nie, maar dit is ook 'n halwe waarheid.

Om al die brein te kry, moet daar skoolgeldvrye skole wees, vir al die kinders van die volk van onder af tot bo-uit. Opvoeders moet strewe vir vry onderwys van die kindertuin af tot dwarsdeur die universiteit (2).

(c) SENTRALISASIE.

Vir hoër- en sekondêre skole behoort 'n sentralisasie-politiek gevolg te word. Daar is te veel skole wat sekondêre onderwys verskaf. Geen sekondêre skool behoort minder as veertig leerlinge in Stds. VII en VIII te hê nie. Op die platteland moet skole wat sekondêre onderwys verskaf, minstens tien myl van mekaar verwyder wees (3).

(1) Die Unie 1/12/31 bls. 218. Artikel van Cilliè.

(2) " " " " " " " "

(3) Die Unie 1/2/29 bls. 220, 1/2/30 bls. 215. Artikels van Cilliè.

Wat die platteland betref, glo Cilliè aan die desentralisasie van skole. Die skool moet na die kind gebring word, anders ontvolk die platteland (1).

Omdat die plaasskool nie die beste leerkragte trek nie en die inspekteur met 'n laer standaard van kennis as in die dorpskool tevrede is, word die plaasskool afgeskeep.

In plaas van baie derde klas- en privaat skooltjies moet, waar dit enigsins moontlik is 'n grotere sentrale skool opgerig word, waar tenminste twee onderwysers werksaam is. (2)

Dit is uitstekend om op sekere middelpunte landbouskole te stig, waar sistematies op wetenskaplike manier onderwys in die boerdery kan gegee word. Dit is goed dat daar industriële skole is om sodoende kinders later 'n bestaan te laat maak maar soveel van die Afrikaanse kinders as moontlik moet op die platteland as boere bly (3).

Die plattelandse skole moet 'n hele onwenteling ondergaan. Hulle moet onder manne staan wat spesiaal vir die werk opgelei is, manne wat die omgewing van die kinders verstaan, in die omgewing groot geword het, in die nouste voeling met die omgewing is, met die aspirasies, die ideale van die mense onder wie hulle moet werk. Meisies moet nie uit die groot dorpe

(1) Die Unie 1/7/31 bls. 14. Die Burger 23/8/17. Artikels van Cilliè.

(2) Die Burger 28/9/16. Artikel van Cilliè.

(3) " " 6/9/17. " " "

vir die plattelandse skole opgelei word nie, want hulle pas nie daar aan nie. Hulle weet soms minder as die kinders van die omgewing (1).

(d) <u>Losiesbeurse.</u>

Aangesien onderwys verpligtend gemaak moet word, moet die owerheid ruime finansiële steun in die vorm van losiesbeurse en ander fasiliteite aan minderbevoorregte leerlinge verskaf, sodat geen leerling die skool weens geldgebrek sal hoef te verlaat nie. Bydrae van owerheidsweë moet op die £-vir-£ stelsel wees waar 'n skool fondse vir onderwys ingesamel het, met 'n maksimum van 10/- per leerling in die skool (2).

(e) <u>Aansluiting van Primêre- by Sekondêre Onderwys.</u>

(i) Kinders moet vroeër as met hul veertiende jaar met sekondêre werk begin, want as 'n leerling sewe of agt jaar aaneen in sekere leervakke en volgens sekere metodes onderrig ontvang, verlang hy vanself na 'n verandering. Met sekondêre werk word bedoel, bv. literatuur, die lees van boeke in plaas van stukke, vreemde tale vir die wat daarvoor aanleg het, matesis, natuurkennis deur eksperimente, landbou, huishoudkunde en boekhou. Sekondêre metodes beteken 'n ander soort behandeling van die leerstof as in die primêre skool. Opvoeders weet as't ware instinkmatig dat kinderx van twaalf, dertien, veertien jaar anders moet behandel word as kinders van ses tot twaalf jaar. Die kind het na die elfde jaar ambisie

(1) Die Burger 20/5/20. Artikel van Cilliè.

(2) " " 19/12/36 en 1/3/17. Artikels van Cilliè.

en ideale, hy is meer selfstandig, hy moet meer aan homself oorgelaat word, moet meer self doen, self aanpak, self planne maak. Onderwysmetodes is grotendeels op sielkundige beginsels gebaseer (1).

(ii) In Duitsland, Engeland en Amerika begin die sekondêre skool met 10+, 11+, 12+ jaar. In Suid-Afrika behoort dit 13+ jaar te wees. In 1921 is daar 'n skeidslyn tussen die primêre en sekondêre afdelinge van die skole in Kaapland gemaak en dit is bepaal dat sekere vakke, soos Latyn, as sekondêre vakke beskou sal word en nie op die primêre skool doseer mag word nie. Amerika vanwaar die indeling van agt jaar primêre skool en vier jaar sekondêre skool gekom het, is nou besig om die indeling ses jaar primêre en ses jaar sekondêre skool te maak. 'n Rykskonferensie in Duitsland in 1920 het die 10de jaar as die skeidingsjaar geneem (2).

In al die voorgenoemde lande leer die kind net een taal in die primêre skool behalwe in Rusland en in Suid-Afrika waar twee tale geleer word. In Suid-Afrika moet 'n kind std. VI slaag om na die hoërskool te gaan, afgesien van hoe oud hy ookal is. In Londen is daar „Multi-Lateral" skole waarheen 'n kind kan gaan as hy std. VI nie kan slaag nie (3).

(1) Die Unie 1/5/29 bls. 300 en 1/2/29 bls. 220. Artikels van Cilliè.

(2) Ibid.

(3) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

Voordat die opvoeder nie genoegsame bewys het dat die grenslyn tussen primêre en sekondêre onderwys volgens die standaard van kennis of verstandsontwikkeling moet vasgelê word nie, is dit Cilliè se opvatting dat die stelsel waarvolgens dit nou in Suid-Afrika gedoen word die regte is. Dit is die verstandsouderdom en nie die chronologiese ouderdom nie, wat bepaal wanneer die oorgang vàn die primêre na die middelbare skool moet plaasvind. Daar sal derhalwe in die primêre skool leerlinge wees wat ouer as 13+ jaar is en in die sekondêre skool wat jonger as daardie ouderdom is (1).

(f) Skeiding van die Primêre- en Sekondêre Skool.

Opvoeders moet loskom van die opvatting dat die opvoeding en onderwys van die kind deur 'n skerp skeidslyn in primêre en sekondêre afdelings moet verdeel word (2).

Die kind is 'n eenheid wat groei en ontwikkel van die een stadium tot die ander. Die oorgang is vir byna 100% so geleidelik dat nòg leerling nòg onderwyser dit as sekuur kan waarneem. Dit is 'n fatale fout om die primêre afdeling van 'n skool, waar dit enigsins moontlik is om die twee in dieselfde gebou onder een hoof te hou, van die sekondêre te skei. Waar twee afdelings vanaf Sub.A tot Std. X bymekaar in een skool is, sal enige verstandige skoolhoof in die laaste standerd in die primêre afdeling die leerlinge geleidelik vir die sekondêre afdeling voorberei; iets

(1) Die Unie 1/9/43 bls. 54, 1/7/43 bls. 2.
Artikels van Cilliè.
Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde bls. 53.
(2) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde bls. 58.
Die Unie 1/5/43 bls. 246. Artikel van C.

wat nie kan gebeur nie en ook nie gebeur nie, waar die primêre afdeling van die sekondêre totaal geskei word. Dit is heeltemal onmoontlik om oral die twee bymekaar onder een hoof te hou veral waar die getalle onhandelbaar groot is, maar dit is onnodig om hulle op dorpe of op die platteland te skei. 'n Leerling wat na std. VI van skool verwissel, het 'n hele tyd nodig om hom by die nuwe omgewing aan te pas en aan die nuwe dissipline gewoond te raak (1).

(g) Ko-edukasie.

(i) Ko-edukasie kan verskillende betekenisse hê. Dit kan beteken dat meisies en seuns in dieselfde gebou skoolgaan maar in aparte kamers en dat hulle aparte leervakke leer. Dit kan ook beteken dat hulle dieselfde vakke in dieselfde klasse leer. Hulle is in dieselfde gebou maar leer gedeeltelik verskillende vakke. In Suid-Afrika word laasgenoemde toegepas met klein verskille wat, bv. naaldwerk en kookkuns teenoor houtwerk, ens. betref (2).

(ii) In Suid-Afrika is die reël ko-edukasie. In die Transvaal is die groot meerderheid gemengde skole. In die Vrystaat is daar ook net twee meisieskole en een seunskool. Daar is natuurlik private skole waar die sekse geskei is. In Kaapland was daar in 1921 ongeveer sewentien meisieskole. In Amerika is ko-edukasie die reël. In Engeland was van 50% tot 60% van die skole gemeng. Die Engelse aristokrasie beskou kinders van beide sekse wat saam skoolgaan, 'n bietjie laer as die ander. Die bitterste teenstanders van

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

ko-edukasie in Suid-Afrika is die onderwysers wat deur die Engelse „Public Schools" gegaan het of in Oxford of Cambridge gestudeer het. In Skotland is dit soos in Amerika. In Duitsland was die primêre, veral die landelike, skole gemeng maar op die hoërskole was die twee sekse apart. In Frankryk was die skole feitlik dwarsdeur apart. In Skandinavië was daar dwarsdeur gemengde skole. In die lande waar die vrou regte en voorregte geniet het, was daar ko-edukasie en in die lande waar die vrou nie die regte geniet het nie, was aparte skole. In alle Katolieke lande is die vrou teruggesit (1).

(iii) Opvoeders het die afgelope dertig jaar begin met die intensiewe studie van kinders en die kindernatuur en fisiologie. Hulle het dieper ingedring in fisiologie maar hulle staan nog op die drumpel, want hulle weet nog nie wat die verband tussen gees en liggaam is nie. Die teenstanders van ko-edukasie grond hul besware op wat die studie oor ko-edukasie aan die lig gebring het; nl. dat die twee geslagte liggaamlik en geestelik nie op dieselfde manier ontwikkel nie. Die ontwikkeling volg nie dieselfde boog nie en desnieteenstaande word hulle in dieselfde klas geplaas. Die meisie is die seun voor in haar geestelike en liggaamlike ontwikkeling. Meisies is in die reël veel getrouer as seuns in hul werk (2). In die skool is die werk gewoonlik te veel en die meisies ooreis hulleself. Sommige beweer dat meisies minder begaafd

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliê 1921.

(2) Hollingworth, L.S. : Functional Periodicity in Women, bls. 25-35.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliê 1921.

as seuns is maar volgens Cilliè is dit onjuis (1). Hoewel die meisies vir studie net so begaafd is as die seuns is hulle liggaamlik fyner besnaard en derhalwe ly hulle liggaamlik skade as dieselfde eise aan die twee geslagte gestel word. Die twee sekse het uiteenlopende belange. Daar is selfbewustheid in gemengde skole. As seuns, bv. moet antwoord, dink hulle aan meisies en vice-versa. In 'n gemengde skool ontwikkel meisies nie die fynere vroulike eienskappe nie; gevolglik ly die meisies meer in gemengde skole as die seuns. Seuns word weer so maklik vervroulik. (2). Dit word ook gesê dat hulle as gevolg van ko-edukasie te vroeg trou maar statistieke bewys dit nie, beweer Cilliè (3). As opvoeders uitgaan van die standpunt dat opvoeding voorbereiding vir die lewe is, dan staan ko-edukasie heeltemal veroordeeld. In die huis en lewe daarbuite word daar verskil tussen die geslagte gemaak. Die meisie is voor in ander funksies- nie alleen fisiologies of biologies nie- maar ook in die samelewing. Daar is nog arbeidsverdeling tussen die twee geslagte; daarom moet opvoeders differensieer. Dit is ook hul argument vir aparte leervakke en aparte metode. Daar is ook die vraagstuk van administrasie en organisasie. Sommige sê die administrasie is makliker in gemengde skole maar andere betwis dit. Onder administrasie ressorteer dissipline en dissiplinêre straf. In die samelewing is daar ander straf-

(1) Sandiford, P. : Educational Psychology bls. 13-16.
Freeman, F.S. : Individual Differences bls. 187.
Bavinck, J.H. : Inleiding in de Zielkunde bls. 108-117.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(2) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(3) Ibid.

metodes vir meisies as vir seuns terwyl in die skool almal oor dieselfde kam geskeer word. Seuns dink altyd dat die meisies te lig gestraf word en dit maak die administrasie moeilik. 'n Mens kan alleen seuns bokant 'n sekere ouderdom die beste onderrig as hulle apart van die meisies is (1).

As Cilliè vir ko-edukasie pleit, spreek dit vanself dat alles wat vir die man oopstaan, ook vir die vrou oopgesluit moet word. In Suid-Afrika gee geld die deurslag vir ko-edukasie, want gemengde skole is goedkoper. Waar daar twee hoërskole, een vir seuns en een vir meisies is, behoort hulle, volgens Cilliè, in belang van die leerlinge te amalgameer (2).

As meisies en seuns van kleins af saam skool gegaan het, kan hulle in die sekondêre afdeling ook bymekaar gehou word, want dan is daar geen gevaar van sedelike aard nie, hulle is gewoond aan mekaar. Daar is geen sedelike gevaar solank die toon en die atmosfeer van die skool gesond is nie. Om die twee sekse in die laerskool te skei en later in die sekondêre skool saam op te voed, kan uiters gevaarlik word (3). In die puberteitsperiode sal Cilliè graag die twee geslagte wat die skoolwerk betref, geskei wil sien omdat eksamens veel skade aan die dogter tydens hierdie periode veroorsaak. Daar moet 'n bietjie differensiasie kom, anders is onderwys skadelik. Soos dinge nou is, dink

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(2) Die Unie 1/2/28 bls. 199. Artikel van Cilliè.

(3) Die Burger 1/7/20.
Miller, I.E. : The Growing Child and its Problems, bls. 94.

Cilliè nie daaraan om 'n dame aan die hoof van 'n gemengde skool te plaas nie (1). Gedurende die puberteitstyd is 'n onderwyseres nodig om met die meisies te werk en om met hulle te simpatiseer. Die eksamen-paaiboelie moet nooit voor hulle gehou word nie (2).

(h) Klasindeling.

Vir die Kindertuin is twintig leerlinge die maksimum-aantal vir 'n klas. Twintig is reeds te veel as 'n onderwyseres aan elke leerling gedurende 3½ of 4 uur per dag behoorlike persoonlike aandag wil gee. Onderwysers en opvoeders beweer met reg dat klasse van meer as 25-30 leerlinge te veel is om behoorlik onderrig te gee, laat staan op te voed (3).

Cilliè is daarteen dat die werk van stds. III, IV, V en VI verdeel word sodat elke onderwyser verantwoordelik vir 'n onderwerp of groep van 'n klas sal wees. Hierdie spesialiste-metode sal nie karaktervorming bevorder nie (4).

Dr. Peter Petersen beweer dat primêre leerlinge nie in klasse verdeel moet word nie. Hulle moet ook nie leervakke leer nie. Hulle moet in groepe volgens ouderdom verdeel word. Klassikale onderwys, boeke en boekgeleerdheid moet in die ban gedoen word en in plaas daarvan moet die lewe in die skool gebring word. Die skool moet in 'n soort woonhuis omskep

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(2) Die Burger 24/1/17. Artikel van Cilliè.

(3) Die Unie 1/10/46 bls. 79; Die Burger 1/8/19. Artikels van Cilliè.

(4) Die Unie 1/2/33 bls. 340. Artikel van Cilliè.

word, waar kinders leer saamwerk en saamwoon. Daar moet geen eksamens, geen puntetoekenning, geen kompetisie wees nie. Volgens Cilliė is dit om praktiese redes onuitvoerbaar (1).

Onder pedagoë is dit vandag nog nie 'n uitgemaakte saak of spesiale klasse op skole vir agterlike kinders die beste manier vir hul opvoeding is nie. Solank as die enigste toets van die deeglikheid van 'n onderwyser se werk die verstandelike prestasie van die leerlinge is, moet daar aparte klasse vir die swaksinnige kinders wees (2).

(i) Parallel-klasse.

Parallel-klasse behoort verpligtend te wees oral waar daar 'n minderheid van vyftien leerlinge of meer is. Onder stedelike toestande behoort die owerheid die mag te besit om die minderhede in uitgesoekte skole te sentraliseer en as gevolg daarvan sekondêre skole tot skole met enkelmedium te verklaar. In enkelmedium-skole waar die kind sy moedertaal as voertaal kan gebruik, sal hy baie beter met inspeksie en in die eksamens presteer (3).

(j) Inspeksie.

Cilliė meen dat skoolinspekteurs te veel werk het. Hul inspeksiekringe is te groot aangesien daar te veel skole in hul rondgang is. Hulle het te veel pligte om te vervul. Meer inspekteurs is nodig, sodat hulle meer tyd kan kry om by die skole deur te bring om sodoende die onderwysers in hul skoolwerk te help en met raad en daad by te staan (4).

(1) Die Unie 1/9/37 bls. 86. Artikel van Cilliė.
Petersen, Peter : Die Nieu-Europese Opvoedingsbeweging.
(2) Die Unie 1/12/33 bls. 182. Artikel van Cilliė.
(3) Die Burger 9/12/27. Artikel van Cilliė.
Die Unie 1/2/28 bls. 199. Artikel van Cilliė.
(4) Die Unie 1/2/36 bls. 277. " " "

Dit is 'n ongehoorde toestand dat ' man eenmaal per jaar die kinders kom eksamineer en uitspraak doen oor hulle bekwaamheid om na 'n hoër klas bevorder te word (1).

Die skoolinspekteur moet gevra word om 'n wakende oog te hou oor en ondersoek in te stel na die toekomstige planne van elke leerling na die end van sy primêre kursus. Daar moet pogings aangewend word om die kind na die primêre stadium op skool te hou (2).

In 1917 was Cilliè ten gunste daarvan dat hoofdelike inspeksie afgeskaf moes word en dat die organisasie van die grotere skole deur die hoofonderwysers daarvoor in die plek moes tree (3).

(k) EKSAMENS.

Cilliè is ten gunste daarvan dat die Juniorsertifikaat-eksamen afgeskaf sal word, behalwe waar dit as 'n Eind-eksamen vir sekondêre skole of vir toelating tot die Primêr Laer-Onderwyserskursus is (4).

Die eksamen behoort afgeskaf te word omdat leerlinge wat daarvoor inskrywe, nog nie ryp is om publieke eksamens te skrywe nie. In die Transvaal was dit verbode om kandidate vir die eksamen op te stuur anders as met die goedkeuring van die Direkteur

(1) Populair Wetenskaplik Leerboek bls. 357.
Die Unie 1/2/36 bls. 277.

(2) Die Burger 19/12/36, 17/5/17. Artikel van Cillie.

(3) Die Unie 1/1/17 bls. 632. Artikel van Cilliè.

(4) " " 1/2/28 bls. 199. " " "

van Onderwys. Die Juniorsertifikaat-eksamen sluit nie by die Matrikulasie- of Seniorsertifikaat-eksamen aan nie (1).

In die verlede het die plaaslike skoolinspekteurs en die hoofde van skole die opsieners by die openbare eksamens van die Onderwysdepartement benoem en die Onderwysdepartement het daaroor toesig gehou. Sover Cilliė weet het die stelsel goed geantwoord en het die opsieners wat so benoem is, bevredigend gewerk. Die inspekteurs en die hoofde van skole moet weer die voorreg geniet. In 1945 is in Kaapland hierdie werk uit die hande van die skoolinspekteurs geneem en aan die plaaslike magistraat opgedra. Dit is vir Cilliė 'n snaakse verskynsel (2).

(l) <u>Mediese Inspeksie.</u>

Daar moet mediese inspeksie, nie net vir dorpskole nie maar ook vir plattelandse skole, wees (3). Mediese inspeksie is 'n vername vereiste op enige skool. Die administrasie moet manne na die buiteland stuur om daar die toestand te gaan ondersoek om dit hier so ver moontlik toe te pas. Die mediese toesig moet sodanig uitgebrei word dat elke leerling op skool medies ondersoek word; dat elke leerling wat dit nodig het, medies behandel sal word; dat kinders wat dit nodig het, by die skool gevoed sal word; dat die tande van die kinders behandel sal word. (4).

(1) Die Unie 1/2/13 bls. 242. Artikel van Cilliė.

(2) " " 1/1/46 bls. 150. " " "

(3) " " 1/2/23 bls. 210. Die Burger 5/4/17. Artikels van Cilliė.

(4) Die Burger 8/12/27. Artikel van Cilliė.

Die mediese inspekteur behoort by elke skool 'n voorlesing oor gesondheid te hou (1). Hy moet onmiddellik optree in gevalle van aansteeklike siektes; gereeld die skoolgeboue en toebehoorsels noukeurig ondersoek. Hy moet veral die kinders ondersoek wat aan die een of ander gebrek ly en wat in spesiale inrigtinge tuishoort. Daar behoort 'n streng mediese ondersoek van alle studente te wees voordat hulle met hul opleiding aan die een of die ander inrigting vir hoër onderwys begin. (2).

7. <u>HULPMIDDELS.</u>

(a) <u>Skoolmuseum</u>.

Daar behoort blywende huisvesting aan versamelings van verteenwoordigende werk uit die skole na aanleiding van tentoonstellings verskaf te word (3). Daar moet pogings aangewend word om 'n permanente museum van skoolhandwerk wat behoorlik gerangskik moet wees, op te rig. Onderwysers wat hul spore op die gebied van handwerk verdien het, moet as voorligtingbeamptes gebruik word (4). Opvoeders moet deur vertonings, tentoonstellings, optogte, voordragte, demonstrasies en kinderweke te hou, die aandag by die kind bepaal (5).

(b) <u>Plattelandse Biblioteke</u>.

Plattelandse skole moet beter biblioteke kry. Honderde kinders op die platteland word groot sonder om gedurende hul skoollewe kennis te maak en vriendskap te sluit met boeke.

(1) Die Unie 1/2/34 bls. 249. Artikel van Cillié.
(2) " " 1/2/28 bls. 199. " " "
(3) " " 1/2/34 bls. 282. " " "
(4) " " " " "
(5) Die Burger 30/5/18. " " "

Dit is 'n algemene feit dat baie volwassenes onder huidige omstandighede graag lees as hulle dit op skool en onder leiding van hul onderwysers geleer het (1).

8. LEERKURSUS EN LEERPLAN.

(a) Primêr.

(i) Wanneer 'n vyfjarige kursus vir die sekondêre skool weens die gebrek aan fondse nie toegestaan kan word nie, moet die kursus van die primêre skool op sodanige wyse verleng word dat die ekstra klas by die begin kom, nl. dat wat vandag vir std. II geëis word vir std. I geëis word en so deur die hele kursus, sodat die leerlinge aan die end van die laerskool die hoogte van std. VII sal bereik in die vakke wat op die primêre skool geleer word. Die kind sal dan nie onryp vir Matriek wees nie (2).

Die normale kind kom op ses- of sewejarige leeftyd na skool, voltooi die substanderds in sy sewende jaar en in sy agste jaar gaan hy na std. I. As 'n kind in sy 15de jaar nog in std. VI sit, is hy op geestelike en emosionele gebied te ver gevorder vir die soort werk wat hy gevra word om te doen. Hy het die gewone metodes van die primêre skool uitgegroei en sal nie baie baat by die soort werk vind nie. Die gemiddelde afsluitingsouderdom van die primêre skool in Suid-Afrika is 14.48 jaar. 'n Agtjarige kursus maak die afsluitingsouderdom vir die primêre skool te hoog. Cillié kan hom ook nie vereenselwig met 'n sesjarige kursus nie. In 'n verslag van

(1) Die Unie 1/5/30 bls. 280. Artikel van Cillié.
(2) " " 12/6/21 bls. 338. " " "

die Internasionale Federasie van onderwysers verskyn 'n aantal rapporte van verskillende Europese Lande. In byna al die rapporte word 'n sewejarige primêre kursus aanbeveel as die doeltreffendste. 'n Verdere aanbeveling is om beroepsonderwys vanaf std. IV.in te voer. Om verskillende redes verlang Cilliè nie beroepsonderwys in die primêre skool nie, maar dit ondermyn nie sy pleidooi vir 'n sewejarige kursus nie. Cilliè se vernaamste argument ten gunste van 'n sewejarige kursus is dat 'n breë fondament gelê moet word alvorens met spesiale onderwys begin word (1).

Cilliè wil dus 'n sewejarige kursus aan die hand gee waarin die normale ouderdom as volg sal wees:

Sub std. 6+ jaar,
Std. I. 7+ jaar,
Std. II. 8+ jaar,
Std. III. 9+ jaar,
Std. IV. 10+ jaar,
Std. V. 11+ jaar,
Std. VI. 12+ jaar.

Hierdie berekening veronderstel dat die kind die substanderds in sy 7de jaar moet voltooi, sy std. I in sy 8ste jaar, sy std. VI in sy 13de jaar (2).

Die substanderds moet 'n eenjarige kursus wees. Dit sal alleen moontlik wees as die getalle binne redelike perke gehou word. Indien 'n onderwyseres

(1) Die Unie 1/11/34 bls.193, 1/9/39 bls. 75. Artikels van Cilliè.

(2) Ibid.

met 'n klas van vyftig leerlinge sit, is dit onmoontlik vir haar om deeglike werk te doen, veral as in aanmerking geneem word dat in die meeste skole nuwe leerlinge tweemaal per jaar ingeneem word. Die leerplan van elke standerd sal heelwat eenvoudiger moet gemaak word. Dit is natuurlik moontlik om in sewe jaar dieselfde gehalte te bereik as in agt jaar as die leerplanne heelwat makliker en aantrekliker gemaak word deur onnodige dinge oorboord te gooi, In rekenkunde en geskiedenis, bv. kan heelwat leerstof sonder verlies vir die kind verwyder word. Indien die voorstel van 'n eenjarige kleinkinderskool onprakties is, kan die indeling op so 'n wyse geskied dat die twee substanderds behou word en dan by std. V afsluit (1).

(ii) Volgens Cilliė se beskeie mening is dit heeltemal onnodig vir die owerheid om 'n leerplan vas te stel as die onderwysers vir hul taak as ware leiers op intellektuele gebied, opgewasse is. Dit is onmoontlik om op geestelike gebied goeie en deeglike werk te doen, om iets wat ewige waarde het, tot stand te bring, as 'n ander voorskrywe wat 'n mens moet doen en hoe hy dit moet doen. Leerplanne is verouderd as dit van bo-af voorgestel word.

Die leerplan van die primêre skool het gegroei totdat hy van buite mooi geil gelyk het en die opvoeder met reg trots kon wees as hy hom met die van ander lande vergelyk (2).

(1) Die Unie 1/5/21 bls. 296. Artikel van Cilliė.

(2) Ibid.

(iii) Die leerplan in die skool van die Kaapprovinsie is deur wyle Sir Thomas Muir, Superintendent-Generaal van Onderwys, op die beginsel van "dove-tailing" (opeenskuiwing) opgestel. Dit het beteken dat sekere leervakke soos Latyn, matesis en natuurstudie waarby laboratoriumwerk gedoen word, wat beskou word as leervakke vir die sekondêre skool, reeds in die primêre skool begin kan word. Dit het moeilikheid in die sekondêre skool veroorsaak. Leerlinge van die primêre skool en plaasskole het na hoërskole in std. VII en VIII gekom sonder 'n kennis van Latyn en moes saamgaan met leerlinge wat reeds drie of vier jaar Latyn geleer het (1). Teen hierdie moeilikheid het Cilliè sy stem verhef en ook teen die onsin om al die kinders in std. V en VI in hoërskole Latyn te leer. Aangesien meer as 80% van die leerlinge nie verder as std. VI gaan nie, moet die leerplan vir die primêre skool so ingerig word om aan die behoeftes van die meerderheid te voldoen, want volksopvoeding is van die allereerste belang (2).

Die belange van die meerderheid van skoliere word dikwels vir die belange van die enkele opgeoffer. Party meen dat dit regverdig is, want die leiers van die volk is meer werd as die groter meerderheid wat nie 'n universiteit besoek nie (3).

Cilliè het daarop aangedring dat die leerplan afgerond moes word. Geen sekondêre leervakke soos Latyn, 'n moderne vreemde taal, matesis

(1) Die Unie 1/3/43 bls. 198. Die Burger 13/2/19.

(2) Die Unie 1/4/43 bls. 223. Artikel van Cilliè.

(3) Die Unie 1/2/28 bls. 199. Die Burger 19/7/17. Artikels van Cilliè.

of 'n natuurwetenskap, op die primêre skool moes onderwys word nie (1).

Die verskil tussen die opvattings van die owerheid en die van Cilliè is fundamenteel omdat die een groep die primêre skool beskou het as 'n voorbereiding vir verdere studie aan 'n sekondêre skool terwyl die minderheid se mening was dat die primêre skool veral rekening met die leerlinge wat nie verder gaan studeer nie, moet hou (2).

(iv) Vanaf 1920 mag Latyn, 'n moderne vreemde taal, 'n natuurwetenskap en matesis nie meer op die primêre skool in Kaapland geleer word nie.

Die leerplan van die primêre skool was toe afgerond met die oog op die oorgrote meerderheid van leerlinge wat nie verder as std. VI op skool gebly het nie. Die hoofnadruk het nog steeds op vakke geval, soos die twee landstale en rekenkunde wat die grondslag vir die intellektuele georiënteerde leerplan van die sekondêre skool was met sy oog op die eindeksamen gevestig. Die gevolg van dit alles is nog die „verryking" van die leerplan van die primêre skool (3).

Die primêre- en sekondêre skole strewe nie in dieselfde rigting nie. Die vraag wat by die hersiening van die leerplan van die primêre skool moet beantwoord word, is of die primêre skool in die eerste plaas sy leerlinge moet voorberei vir verdere studie aan die sekondêre skool of vir

(1) Die Unie 1/2/28 bls. 199. Die Burger 19/7/17. Artikels van Cilliè.

(2) Die Unie 1/4/43 bls. 223.

(3) Die Unie 1/4/43 bls. 223. Artikel van Cilliè.

enige ander sekondêre onderwys of met die oog op skoolverlating, nadat leerlinge die verpligte standerd geslaag het (1).

Die vraag is hoeveel tyd aan die nie-essensiële leervakke, d.w.s. godsdiensonderwys, natuurstudie, teken, sang, handearbeid, gesondheidsleer, liggaamsoefeninge, kookkuns en landbou in die primêre skool gegee moet word. Hierdie vakke moes hard sukkel om 'n plek op die leerplan te kry (2).

Volgens die gepubliseerde leerplan van die Kaapse Onderwysdepartement met die opgawe van die tyd wat aan elke leervak moet bestee word, mag die vyf onontbeerlike leervakke nie meer as 70% van die skooltyd in beslag neem nie en al die orige tyd het die res gekry. Sowat twee-derdes van die tyd het die tale, rekenkunde, aardrykskunde en geskiedenis gekry en al die ander vakke het een-derde gekry. In die laaste jare het sommige van die nie-essensiële leervakke in die teoretiese pedagogiek en ook in sommige skoolstelsels baie aandag geniet (3).

Daar is opvoedkundiges wat meen dat die nie-essensiële leervakke baie belangriker is as die ou vyftal. Gesondheidsleer, bv. is die grondslag van al die skoolwerk. Dit sal moeilik wees om aan die leervakke meer tyd te gee veral as die inspekteur sy mening van die skoolwerk hoofsaaklik

(1) Die Unie 1/4/43 bls. 223. Artikel van Cilliê.

(2) Die Unie 1/5/32 bls. 394, en 1/3/17 bls. 699. Artikels van Cilliê.

(3) Ibid.

baseer op die prestasie van die leerlinge in die vyftal en die ander nie-essensiële minder in ag neem (1).

(b) Sekondêr.

(i) Al die kinders van die volk wat die verstandelike en liggaamlike vermoëns daartoe het, moet sekondêre opleiding ontvang. Die middelbare opleiding behoort met die puberteitsontwikkeling van die kind, d.w.s. vanaf sy twaalfde jaar saam te gaan.

Die kursus moet vyf jaar duur en in twee gedeel word:

(1) 'n Driejarige kursus (13-15 jaar)
(2) En 'n tweejarige kursus (16-17 jaar) (2).

Dit beteken dat std. VI as klas onder die sekondêre afdeling moet ressorteer, met 'n breë kursus en groot differensiasies vir stds. VI, VII en VIII en 'n na-primêre kursus in primêre skole vir leerlinge wat weens inherente onbekwaamheid dit nie verder kan bring nie (3).

'n Vierjarige sekondêre skoolkursus vir die kandidate wat hul studies aan 'n universiteit wil gaan voortsit, is nie voldoende nie. Die skole maak heftig beswaar daarteen dat die universiteit vir hulle voorskryf wat hulle moet doen, en tereg ook. Opvoeders moet egter nie vergeet dat nie die middelbare skole nie maar alleen die universiteit mag en kan en sal bepaal wat die minimum vereiste tot hul graadkursus is.

(1) Die Unie 1/5/32 bls. 394.
" " 1/3/17 bls. 699. Artikels van Cilliè.

(2) Die Unie 1/2/29 bls. 220. Artikel van Cilliè.

(3) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

Net soos die dorpskole ontevrede is oor die lae standaard van die plaasskoolkinders wat na die dorp kom en verlang dat die standaard verhoog moet word, so redeneer ook die universiteit. Cilliè weet dat geen 50% van die middelbare skool-leerlinge in vier jaar die vereiste standaard bereik nie soos trouens reeds in die verlede geblyk het. Cilliè stel die vraag of die huidige kursus nie met 'n jaar met sy eie leerplan verleng behoort te word nie. Op die manier word die Eindeksamen en Matrikulasie heeltemal geskei (1). Die idee dat die sekondêre skool begin nadat die kind 'n sekere standaard behaal het, tree al hoe meer op die agtergrond. Cilliè kom meer en meer tot die besef dat die sekondêre skool na 'n sekere ouderdom moet begin (2).

(ii) Wat die leerplan vir die sekondêre skool betref, wil Cilliè vir Matriek twee verpligte vakke hê. Nog drie of vier vakke moet daarby kom, drie as daar 'n vyfvakkige en vier as daar 'n sesvakkige Matriek moet wees- gekies uit 'n groot aantal leerlinge wat natuurlik in groepe verdeel word. Daar is net een Eindeksamen. Daar is 'n groot keuse van leervakke, sodat elkeen na sy aanleg kan kies. Hier is nog 'n ander verkeerde pedagogiese opvatting- 'n oorblyfsel van die middeleeue- nl. dat net mense wat belangstel in en wat aanleg het vir die sogenaamde akademiese vakke, verstand genoeg

(1) Die Unie 1/6/20 bls. 346, 7/1/10 bls. 180.
Artikels van Cilliè.

(2) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

het om op 'n universiteit te studeer. Vandag is dit heeltemal anders. Mense wat praktiese aanleg het en wat nie soveel in intellektuele dinge belangstel nie, wil ook hoër onderwys geniet. Landbou en kookkuns kan net so goed as matesis en geskiedenis op die Akademie geleer word (1).

9. ONDERWYSERS.

(a) Sentrale Bure.

In Suid-Afrika is, behalwe in enkele heeltemal geïsoleerde gevalle, nog niks aan die eksperimentele pedagogiek gedaan nie. Wie met opvoeding te doen het, voel die groot behoefte aan 'n sentrale buro waarheen vrae en probleme kan gerig word vir informasie wat in Suid-Afrika se opvoeding lig nodig het (2).

Die owerheid behoort 'n inrigting vir die hele Unie daar te stel vir proefondervindelike pedagogiek soos mens die inrigtings in alle beskaafde lande het. Waar mens in Suid-Afrika soveel opvoedkundige probleme het, is sodanige eksperimentele inrigtinge dringend nodig (3).

(b) Opvoedkundige Biblioteek.

'n Onderwyserstak behoort 'n sentrale opvoedkundige biblioteek te hê om sodoende op hoogte te bly van wat in ander lande en in Suid-Afrika op opvoedkundige gebied gedoen word (4).

(1) Die Unie 1/7/26 bls. 2. Artikel van Cilliè.

(2) Die Burger 1/9/21 bls. 58. " " "

(3) Die Unie 1/1/12 bls. 23, 1/1/14 bls. 87. Artikels van Cillie.

(4) Die Unie 1/11/27 bls. 114. Artikel van Cilliè.

(a) <u>Nouer voeling met die Buiteland</u>.

Opvoedkundiges moet gereeld deur die owerheid na die buiteland gestuur word om Suid-Afrikaanse onderwysers op hoogte te hou van wat op onderwysgebied elders gedaan word (1).

(d) <u>Nouer samewerking tussen Onderwysers</u>.

Nouer kontak en weersydse vertroue tussen dorps- en distriksonderwysers moet op alle maniere bevorder word (2).

(e) <u>Uniale Federale Raad.</u>

Daar moet 'n federale raad van onderwysers vir die Unie gestig word. Op die Raad behoort daar 'n gelyke aantal verteenwoordigers vir elke provinsie te wees (3).

(f) <u>Aanstelling van Oorsese Onderwysers.</u>

Die bepaling dat oorsese onderwysers eers drie jaar in Suid-Afrika moet bly voordat hulle as onderwysers onder die beheer van die Administrasie aangestel word, moes ook nie tydens die jongste oorlog deur die Administrasie opgehef gewees het nie (4).

(g) <u>Aanstelling van Hoofonderwysers</u>.

In die geval van hoofonderwysers aan primêre- of sekondêre- en opleidingskole behoort tweetalige, bevoegde onderwysers voorkeur te kry vir alle poste van hoofondersysers in skole waar toesig oor klasse met albei media moet gehou word (5).

(1) Die Burger 23/12/27, 1/3/28 bls. 197. Artikels van Cilliê.
(2) Die Burger 19/12/36. Artikel van Cilliê.
(3) Die Unie 1/2/23 bls. 210. " " "
(4) Die Unie 1/1/46 bls. 150. " " "
(5) Die Unie 1/2/28 bls. 199. " " "

(h) Instelling van Spesiale Poste.

Die instelling van spesiale poste vir godsdiensonderwys is ongewens, want die christelike stempel op die skoolonderwys as geheel, op die skoollewe en sy hele omvang sal nie bewaar bly nie. Dit sal ook 'n onnodige en skadelike verdeling tussen die godsdiensonderwys enersyds en die reg van die onderwys andersyds veroorsaak. Die hoogsmoontlike korrelasie tussen godsdiens, skool en lewe sal verlore gaan (1).

Die hele personeel behoort so ver moontlik vir die godsdiensonderwys verantwoordelik te wees; dog met dien verstande dat die godsdiensonderwys nooit mag toevertrou word aan 'n onderwyser wat nie bereid is om dit met gans sy siel te doen nie. Godsdiens mag nie tot 'n gewone, formele skool- en eksamenvak herlei word nie. Die verdeling van 'n personeel in godsdiensonderwysers enersyds en onderwysers van ander vakke andersyds kan skadelike gevolge hê (2). Vir godsdiensonderwys behoort daar 'n geskikte handleiding te wees (3).

10. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

(i) Cilliė is m.i. reg as hy beweer dat die Unie-Regering laer onderwys moet beheer om sodoende eweredigheid van salarisse, eenvormigheid van diensvoorwaardes van onderwysers en 'n nasionale stelsel van onderwys te bewerkstellig. Myns insiens is dit die plig van die Unie-Regering om toe te sien dat alle burgers die opvoeding wat

(1) Die Unie 1/11/46 bls. 102. Artikel van Cilliė.

(2) Ibid.

(3) Die Burger 19/12/36, 1/3/17. " " "

nodig en genoegsaam vir die bestaan voortbestaan en ontwikkeling van die volksgemeenskap is, sal ontvang. Die Unie-Regering moet jurisdiksie oor leerplig maar nie oor skoolplig hê nie. Die staat moet toesien dat die peil van die skoolopvoeding behoorlik, voldoende en goed is; dit moet aan alle burgers, onverskillig wat hulle lewens- en wêreldbeskouing ook mag wees, gelyke regte gee ten opsigte van die opvoeding van hul kinders. Die Unie-Regering moet ook die regsverhoudinge van ouerbestuur, onderwyser en kind bepaal. Verder behoort die Unie-Regering ook verantwoordelik te wees vir die opvoeding van bepaalde kinders wat verwaarloos word en vir die behoorlike opleiding van onderwysers. Alle materiële hulp by die skoolopvoeding behoort deur die Unie-Regering verskaf te word.

(ii) Die grootste nadeel aan Provinsiale beheer van laer onderwys verbonde, is seker die feit dat sake nou so ver ontwikkel het dat elke provinsie omtrent geen onderwyser uit 'n ander provinsie aanstel nie. Hierdie beleid veroorsaak verenging van die onderwys en opvoeding sodat opvoedkundiges en onderwysers se sienswyse oor opvoeding en die toepassing daarvan in waterdigte kompartemente bly. Elke provinsie voel tog die behoefte aan ander gesigspunte oor opvoeding en onderwys en Onderwysmetodes.

(iii) Die dualisme in kontrole van opvoeding en onderwys het gelei tot die oorvleueling in die administrasie van die onderwys. Om hierdie moeilikheid te bowe te kom, is in 1935 die Inter-Provinsiale Konsultatiewe Komitee in die lewe geroep. In 1924 het Cillié reeds aan die hand gedoen dat 'n

Nasionale Raad van ag persone wat in breë trekke die onderwys moes bepaal, in die lewe geroep moes word. So 'n Nasionale Buro vir Onderwys en Maatskaplike navorsing het toe ook in 1935 ontstaan. Die dualisme in die onderwysbeheer is verwarrend. In die verlede het dit nie alleen wrywing tussen die verskillende liggame meegebring nie, maar ook 'n onheilsame uitwerking op die opvoeding van die kind gehad.

(iv) Ek staan 'n onderwysraad voor vir die beheer van onderwys as 'n geheel in Suid-Afrika en voel dat die Unie-Onderwysdepartement tot universitêre onderwys beperk moet word. So 'n onderwysraad kan min of meer die karakter dra soos die waarvan prof. J.C. Coetzee 'n voorstander is in sy brosjure oor „Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek". Prof. Coetzee stel sy Raad as volg saam: Verteenwoordigers van die ouers, van onderwysers, van die owerheid, d.w.s. die hoof-politieke partye van die parlement, en van die kerke.

(v) Wanneer Cilliê sê dat skoolrade en skoolkommissies hul offervaardige werk in die regte gees en gesindheid moet verrig, sodat die goeie verhouding waarin hulle tot andere liggame en persone staan, gehandhaaf kan word, wil ek hom heelhartig in sy sienswyse steun maar tans wil dit my voorkom asof skoolkommissies veral nie so goed aan hul doel beantwoord nie. In die eerste plaas is opvoedkundige aangeleenthede, soos die benoeming van onderwysers, in die hande van persone wat grotendeels uit leke bestaan en nie op hoogte van opvoedkundige sake is nie. Skoolrade en skoolkommissies funksioneer vandag volgens my sienswyse

op onbevredigende wyse en moedig alles behalwe 'n verantwoordelikheidsin aan. Veral is die idee van 'n ouerassosiasie en 'n bestuur wat uit die ouervereniging gekies word soos deur prof. J.C. Coetzee voorgestaan, baie waardevol. In Natal is geen skoolkomitees nie met die gevolg dat daar min belangstelling van die kant van die ouers in onderwyssake is. In die Transvaal is gedurende die afgelope jare van owerheidsweë 'n eksperiment aan die gang om te bepaal of die distriksraad in die vorm van die skoolraad of die plaaslike raad, nl. die skoolkomitee, die beste funksioneer. Dit skyn of ervaring hier in die rigting van die plaaslike raad loop.

(vi) Ek sou aan die hand doen dat 'n beherende liggaam soos 'n skoolkommissie uit verteenwoordigers van die betrokke Departement- in hierdie geval die plaaslike inspekteur van skole - onderwysers en verteenwoordigers van die ouers moet bestaan. Wat die ledetal betref, kan die aantal verteenwoordigers van die ouers dieselfde as die van die onderwysers op die liggaam wees. Die onderwysers en verteenwoordigers van die ouers op die liggaam kan deur die ouers van skoolgaande kinders gekies word. Die aantal lede van so 'n liggaam kan van plaaslike omstandighede afhang. Verder kan die bekragtiging van die benoemings van onderwysers by die Departement berus soos tans die geval is.

(vii) Cilliè is van mening dat die vraag wanneer 'n kind skool toe behoort te gaan, 'n kwessie van rypheid en 'n sosiale kwessie is. Volgens hom moet die verpligte ouderdom vir skoolbesoek ses jaar wees, maar hier ontstaan die moeilikheid in

verband met die superieure kind wat reeds in sy vyfde jaar die skool met goeie gevolg kan besoek en die twee substanderds in een jaar kan aflê.

In alle moderne lande is die volksonderwys verpligtend vir alle kinders tussen sekere ouderdomsgrense, gewoonlik van 7 tot 16 jaar of tot 'n bepaalde standerd van ontwikkeling, gewoonlik 6 tot 8. Die verpligting word deur die staat opgelê, want die staat moet sorg dat al sy burgers die nodige onderwys en opvoeding ontvang. Die staat mag egter nie ouers dwing om hul kinders na 'n bepaalde skool te stuur nie, want die keuse berus by die ouers. Prinsipiëel is verpligting van die onderwys in orde. Sommige staatkundiges en opvoedkundiges is van mening dat die staat die volle finansiële las van die skoolopvoeding moet dra, omdat dit verpligtend deur die staat gemaak is en omdat ouers indirek belastingbetalers is.

(viii) Myns insiens is gratis-onderwys vir alle burgers van die land ongewens omdat so 'n stelsel in die regte en pligte van die ouers ingryp, aangesien dit die reg en plig van ouers is om vir die opvoeding van hul kinders direk te betaal; dit het 'n demoraliserende invloed op die ouers sowel as op die kinders. Die stelsel ondermyn die sosiale, godsdienstige en sedelike grondslae van ons maatskaplike lewe. Dit is ook onregverdig dat die ryke sowel as die arme van die staat ondersteuning ontvang. Ek kan my daarom nie met Cilliè se vry verpligte onderwys vereenselwig nie en voel meer ten gunste van staatsondersteunde skoolgeld heffende skole.

(ix) Ek kan ook nie met Cilliè saamstem dat kinders wat dit nodig het, by die skool gevoed moet word nie. Afgesien daarvan dat daardeur die verantwoordelikheid van die ouers op die staat oorgaan, veroorsaak dit 'n gevoel van minderwaardigheid by die kind. Dit sou miskien beter wees as die staat die een of die ander plan ontwerp om die kind tuis beter te laat voed.

(x) Ek onderskrywe Cilliè se sienswyse dat primêre skole gedesentraliseer moet word, met die voorbehoud dat plattelandse skole beter fasiliteite wat betref onderwyspersoneel, biblioteke en onderwysbenodigdhede, moet ontvang. Teenswoordig is daar 'n busstelsel waarmee kinders van die platteland na die dorpe vervoer word. Hierdie stelsel is baie nadeling omdat dit tydrowend is en vermoeiend op die kind inwerk. Dit strem die buiteskoolse aktisiteite tot 'n groot mate. Ongelukkig speel geld by die bepaling van wat vir die kind se opvoeding die beste is, 'n groot rol. As die skool na die kind gebring word, sal dit ook nie nodig wees om so baie losiesbeurse aan behoeftige plattelandse kinders te gee nie.

(xi) Volgens Cilliè se indeling tussen primêr en sekondêr is daar steeds die moeilikheid van ondoeltreffende aansluiting van die primêre by die sekondêre skool. Gewoonlik word die algemene praktiese opvoeding volgens 'n 8-4 plan georganiseer. Die primêre onderwys duur agt jaar en die sekondêre vier jaar. Die toelatingsouderdom vir die substanderds is gewoonlik ses jaar. Die toelatings-ouderdom vir die sekondêre skool is gewoonlik plus minus 14 jaar en die verlatingsouderdom plus minus 18 jaar.

Die indeling van primêre en sekondêre skole geskied meer op grond van prakktiese as van teoretiese oorweginge, sodat daar geen eenheid van skoolorganisasie is nie. Hierdie indeling is hoofsaaklik op grond van die verskil in kronologiese ouderdom gemaak. Teoreties is die ouderdom vir die primêre skool ses tot veertien jaar en die van die sekondêre skool veertien tot agtien jaar maar in die praktyk vind 'n mens kinders ouer as veertien jaar in die primêre skool en in die sekondêre skool kinders jonger as veertien jaar en selfs ouer as agtien jaar. Die verskil tussen die primêre en die sekondêre skool word op grond van die skolastiese ontwikkeling van die kind gemaak.

(xii) Die gebreke by voorgenoemde indeling is dat die tyd in die primêre skool onnodig verleng word en dat 'n vierjarige kursus vir die sekondêre skool te kort is om die kind met 'n oorlaaide leerplan behoorlik af te rond. Die leerplan van die primêre skool hou nie rekening met die geestelike en liggaamlike veranderinge van die kind self nie. Kinders met intellektuele gawes word ook onnodig vertraag as hulle agt jaar in die primêre skool moet bly. Dan is daar nog die verskil van metodes en van vakonderwys tussen die primêre en die sekondêre skool. Die kind kom in 'n heeltemal nuwe en vreemde omgewing.

(xiii) Cilliè se sienswyse dat kinders vroeër as met hul veertiende jaar met sekondêre werk moet begin, word deur sommige opvoedkundiges gesteun. Hulle reken dat die oplossing in die afsluiting van die primêre skool by std. IV,

d.w.s. op plus minus 12-jarige leeftyd te vinde is. Uit psigologiese, sosiaal-ekonomiese en administratiewe oorweginge is dit 'n goeie oplossing maar die beswaar van ondoeltreffende aansluiting is nog 'n wesenlike faktor.

(xiv) 'n Ander meer prakties uitvoerbare plan is dat stds. V en VI by die primêre skool moet bly maar dat die metode en aard van onderwys verander moet word, d.w.s. die onderwys in std. V en VI moet meer wetenskaplik wees, veral met die oog op die keuse van 'n beroep; daar moet meer vakonderwys wees, Die onbevredigende aansluiting by die hoërskool is dan egter nog nie uitgeskakel nie.

(xv ) 'n Derde plan is om 'n intermediêre skool te hê, d.w.s. 'n skool vanaf std. V tot en met std. VII. Dit sal dan die aansluiting van die primêre skool by die sekondêre skool oorbrug. Hierdie idee word in sommige groot skole toegepas.

(xvi ) 'n Laaste plan is om al die skoolafdelings af te skaf met een skool onder een hoof. Wanneer sodanige skole vir administratiewe doeleindes te groot is, kan daar meer as een skool onder aparte hoofde ontstaan. Ek ondersteun Cilliè in sy sienswyse dat laasgenoemde skeiding van 'n skool soveel moontlik vermy moet word om sodoende die eenheid te bewaar. Met die hulp van onderhoofde kan hoofde hierdie skole in alle opsigte maklik behartig. Hierdie sienswyse is ook die van prof. J.C. Coetzee (1).

(1) Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde bls. 57.

(xvii) Cilliè het daarop aangedring dat die leerplan van die primêre skool afgerond moes wees en dat geen sekondêre leervakke in die laerskool doseer moes word nie. In die primêre skool vind dan die spesifieke instrumentele vorming en die algemeen geestelike vorming van die kind plaas. Die primêre skool moet die onderrig in lees, skryf, spelling, rekene en Bybelgeskiedenis afrond en afsluit. Dan is daar die "vakke", nl. die taal, geskiedenis, natuurkennis, aardrykskunde, musiek waarmee op die primêre skool 'n definitiewe begin gemaak moet word. Hierdie vakke word grotendeels voortgesit op die sekondêre skool maar tog in sekere opsigte ook afgerond op die primêre.

(xviii) Wat die leerplan van die sekondêre skool betref, maak Cilliè melding van 'n vyfvakkige of sesvakkige kursus vir die Skooleindeksamen.

Ek is nie ten gunste daarvan dat die skooleindkursus uit vyf vakke moet bestaan nie. 'n Toets in verband met die vyfvak-Matriek enige jare gelede in die Vrystaat het getoon dat so'n kursus ondoeltreffend is (1).

As die sekondêre skool moet voortbou op die grondslag van die primêre moet die leerplan vir die junior-afdeling ten minste die volgende vakke insluit: die moedertaal, die tweedetaal (wat albei verpligtend is), die godsdiens onderwys, rekenkunde, algemene natuurwetenskap en geskiedenis en aardrykskunde. Hierby kan nog gevoeg word gesondheidsleer, liggaamsopvoeding en een of ander kuns, soos sang. Vir die junior-afdeling van die sekondêre skool mag die kind nie meer as sewe vakke uit 'n goedgekeurde lys vakke kies nie.

(i) Rapport oor die sesvak-Matriek 1941.

Wanneer die kind die junior-afdeling deurloop het, kan hy oorswenk na 'n suiwer beroepskool waar hy vir die <u>een of die ander</u> beroep opgelei word of hy kan voortgaan met sy akademiese studies, of hy kan die een of die ander werk aanvaar. Die kinders wat met hul akademiese studies wil voortgaan, mag ses en nie meer as sewe vakke uit 'n goedgekeurde lys kies nie. Van hierdie vakke sal die moedertaal verpligtend op die hoër graad wees. Dit is wenslik dat godsdiensonderwys ook vir die senior-afdeling nie weggelaat moet word nie.

(xix) Ek onderskrywe Cilliè se mening dat geen sekondêre leervakke soos Duits, Latyn, matesis of 'n natuurwetenskap in die primêre skool onderrig moet word nie, want die leerplan moet die oog op die groot meerderheid van leerlinge hou, wat na std. VI die skool verlaat en nie na 'n universiteit gaan nie. In die leerplan van die primêre skool moet daar voorsiening gemaak word vir die voorhou van sekere beroepe aan die kind.

(xx ) Ek slo saam met Cilliè dat kinders wat nie verstand genoeg vir die sogenaamde akademiese vakke het nie ook toelating tot die universiteit moet verkry.

(xxi ) Cilliè is ten gunste van gemengde skole wat die onderrig van die twee sekse betref. Oor die gemengde onderwys op die laerskool is daar verskil van mening. Myns insiens is gemengde onderwys op hoërskool prinsipieel en prakties nie suiwer nie, maar wat die laerskool betref, voel ek ten gunste van gemengde onderwys. Op die

laerskool is die kinders liggaamlik en geestelik eners. Daar vind geen spesialisering plaas nie. Wat gemengde onderwys in die sekondêre skool betref, is ek van opinie dat waar dit moontlik is, die twee sekse geskei moet word, nieteenstaande moderne opvoedkundiges die praktyk van koëdukasie van die rypende jeug voorstaan. Ek grond my besware teen gemengde onderrig op die volgende: Daar is te grote fisiese en fisiologiese verkille tussen die twee sekse, daar is verskil in belangstelling, ywer, vlyt en in die toekomstige lewensroeping. Ek wil derhalwe pleit vir aparte middelbare skole en onderwys vir seuns en dogters.

Ek erken dat daar sekere voordele aan gemengde middelbare onderwys verbonde is, veral wat skoolorganisasie en vergemakliking van tug,betref maar laasgenoemde mag nie opweeg teen eersgenoemde fundamentele verskille nie.

Ten slotte wil ek beweer dat gedurende die puberteitsjare van die dogter 'n onderwyseres die beste is om met haar te werk en te simpatiseer maar dit is nie wenslik dat so 'n onderwyseres weer met groot seuns moet werk nie. Daar is natuurlik enkele onderwyseresse met 'n sterk persoonlikheid; onderwyseresse wat 'n streng dissipline kan handhaaf maar ongelukkig is daar nie veel van hulle nie.

(xxii ) Wanneer Cillie sê dat eksamens verminder moet word, wil ek hom heelhartig in sy sienswyse ondersteun. Reeds baie jare gelede het hy vir die vermindering van eksamens gepleit. Die Juniorsertifikaat-eksamen, soos dit tans in die Vrystaat is, kan gerus afgeskaf word vir die skoliere wat dit verder wil bring op skool. Die Kaapprovinsie

en die Transvaal het reeds die Juniorsertifikaat-eksamen afgeskaf. Dit is ondoeltreffend omdat die kinders wat dit moet aflê, nog nie daarvoor ryp is nie. As eksaminatore vir die Skooleind-eksamen en die Juniorsertifikaat-eksamen word tans onderwysers aangestel wat myns insiens 'n goeie prosedure is.

(xxiii) Reeds in 1927 het Cilliè gepleit dat kinders medies ondersoek moes word. Dit toon weer hoe ver hy die tyd vooruit geloop het.

(xxiv) Dit is jammer dat Cilliè nie meer omvattend omtrent werkskemas, verslagboeke, werkroosters, lesroosters, die selfbestuur van leerlinge op skool, en skoolure, is nie. In verband met skoolure kon Cilliè gesê het hoe lank elke les vir die verskillende vakke moes wees om sodoende vermoeidheid by die kind te probeer verhoed. Sekere vakke veroorsaak gouer vermoeidheid as ander. Opvoedkundiges het deur eksperimentele ondersoek die vermoeidheidskoëffisient van die vakke probeer vasstel maar geen vasstaande feite is ontdek nie.